

LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1.	Doelstelling: Wetgewende Verpligtinge	3
2.	Verwagte toekomstige belastingvlakke	3
3.	Kennis van versuim en voorgenome staking of beperking van dienste	4
4.	Heraansluiting en herstel van gestaakte of beperkte dienste	4
5.	Tydperke vir heraansluitings of herstel van dienste	5
6.	Onwettige heraansluitings	6
7.	Beperking van dienste	6
8.	Dienste nie heraangesluit of herstel na 4 (vier) weke	6
9.	Reëlings vir betaling van verskuldigde bedrae	7
10.	Diensooreenkoms	8
11.	Betaling van deposito	9
12.	Toekenning van gedeeltelike betalings en toewysing van deposito	9
13.	Navrae deur rekeninghouer	10
14.	Onvermoë om meters te lees	11
15.	Gedishonoreerde en ander onaanvaarbare tjeks	11
16.	Delegasie van verantwoordelikhede deur munisipale bestuurder	12
17.	Rol van munisipale bestuurder	12
18.	Rol van raadslede	13
19.	Rente op agterstallige bedrae en ander boete heffings	14
20.	Deernisbestuur	15
21.	Oninbare bedrae	15
22.	Agterstallige bedrae wat ontstaan het voor aanvaarding van huidige beleid	15
23.	Verordeninge aanvaar te word	16
24.	Bylae: Regsvereistes	17

KREDIETBEHEER- EN SKULDINVORDERINGSBELEID

DEEL 1: DOELSTELLING : WETGEWENDE VERPLIGTINGE

Die raad, in die aanvaarding van hierdie beleid op kredietbeheer en skuldinvordering, erken sy grondwetlike verpligtinge om die plaaslike ekonomie te ontwikkel en om aanvaarbare dienste aan sy inwoners te voorsien. Die raad erken gelyktydig dat dit nie in staat is om aan hierdie grondwetlike verpligtinge te voldoen nie tensy die raad die betaling vir dienste wat voorsien en belastings wat wettig gehef word, ten volle afdwing op daardie verbruikers en belastingbetalers wat kan bekostig om te betaal, en ingevolge sy deernisverligtingsmaatreëls vir diegene wat as behoeftiges geregistreer het ingevolge die raad se goedgekeurde deernisbestuursbeleid.

DEEL 2: VERWAGTE TOEKOMSTIGE BELASTINGSVLAKKE

Ingevolge die begrotings deur die raad goedgekeur en in ooreenstemming met algemene aanvaarde beste praktyk, sal hierdie munisipaliteit tot sy uiterste daarna moet strewen om te verseker dat betalingsvlakke vir die huidige en toekomstige boekjare ten opsigte van alle bedrae wettiglik aan die munisipaliteit verskuldig – dit is, met insluiting van die balans van die maandelikse bedrae betaalbaar deur geregistreerde behoeftiges – gehandhaaf word teen 'n jaarlikse gemiddelde van ten minste 95%.

Dit is algemeen deur hierdie munisipaliteit aanvaar dat betalingsvlakke met 'n gemiddelde onder 95% per maand onhoubaar is, en 'n besliste voorloper is vir 'n finansiële ramp. Selfs met betalingsvlakke van 95% beteken dit dat die raad jaarliks voorsiening moet maak in sy bedryfsbegroting vir 'n bydrae vir oninbare skulde van 5% van die gemiddelde inkomstes wettiglik verskuldig aan hierdie munisipaliteit – 'n bydrae gemaak teen die regstreekse koste van verbeterde dienslewering en ontwikkelingsprojekte.

Die enigste oplossing vir die voortgesette probleem van wanbetaling deur verbruikers en belastingbetalers wat hulle maandelikse verpligtinge teenoor die munisipaliteit kan bekostig is om 'n tweevoudige benadering daar te stel: om kredietbeheer- en skuldinvorderingsverordeninge in te stel wat streng optree teen wanbetalers, maar terselfdertyd – deur die formele politieke strukture van die munisipaliteit, en in die administrasie se algemene onderhandelinge met die publiek – die gemeenskap bewus te maak van hulle wetlike verpligtinge teenoor die munisipaliteit en om die negatiewe gevolge vir almal te beklemtoon indien wanbetaling voortduur. Die munisipale wykskomitees is veral belas met hierdie verantwoordelikheid.

DEEL 3: KENNISGEWING VAN VERSUIM EN VOORGENOME STAKING OF BEPERKING VAN DIENSTE

Binne 7 (sewe) kalenderdae na elke maandelikse sperdatum vir betaling van munisipale rekeninge vir eiendomsbelasting en/of diensgelde, moet die munisipale bestuurder aan elke wanbetalende rekeninghouer, dit is, elke rekeninghouer wat teen die datum op die kennisgewing nie die maandelikse rekening ten volle vereffen het of nie 'n aanvaarbare reëling vir gedeeltelike of laat betaling met die munisipale bestuurder getref het nie, 'n kennisgewing stuur wat aandui dat, tensy betaling ten volle ontvang is of 'n aanvaarbare reëling met die munisipale bestuurder vir gedeeltelike of laat vereffening getref is nie, die elektrisiteit- of watervoorsiening of beide sodanige dienste aan die eiendom waarop die rekening vir agterstallige betaling betrekking het, gestaak of beperk sal word 14 (veertien) kalenderdae na die datum van die betrokke kennisgewing.

DEEL 4: HERAANSLUITING EN HERSTEL VAN GESTAAKTE OF BEPERKTE DIENSTE

Dienste aan wanbetalende rekeninghouer gestaak of beperk ingevolge Deel 3 sal heraangesluit of herstel word deur die munisipale bestuurder slegs nadat al die volgende voorwaardes nagekom is:

- die agterstallige rekening ten volle vereffen is, met insluiting van rente gehef op sodanige rekening; of 'n aanvaarbare reëling getref is met die munisipale bestuurder vir die vereffening van die agterstallige rekening, met insluiting van die rente gehef op sodanige rekening;
- die koste(s) vir die kennisgewing ingevolge Deel 3 en vir die heraansluiting of herstel van die gestaakte of beperkte diens(te), soos bepaal deur die raad van tyd tot tyd, ten volle betaal is;
- 'n diensooreenkoms aangegaan is met die munisipaliteit, soos uiteengesit in Deel 10 hieronder; en
- dienste deposito betaal is ingevolge die water- en elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge. Sodanige deposito moet opnuut bepaal word op die grondslag soos uiteengesit in die verordeninge.
- in die geval van verbruikers wat van vooruitbetaalde meters gebruik maak, maar wat agterstallig geraak het met die balans van hulle verpligtinge teenoor die munisipaliteit, sal geen vooruitbetaalde aankope aanvaar word nie totdat die agterstallige gelde vereffen is of 'n aanvaarbare reëling vir die betaling van die verskuldigde bedrag hierbo uiteengesit, getref is: sodanige reëling mag die beperking van die bedrag van vooruitbetaalde dienste wat gekoop kan word tot gevolg hê, totdat die agterstallige bedrag of 'n bepaalde persentasie van die agterstallige bedrag vereffen is.

DEEL 5: TYDPERKE VIR HERAANSLUITINGS OF HERSTEL VAN DIENSTE

Die munisipale bestuurder moet gestaakte of beperkte dienste binne 3 (drie) weeksdag na die datum waarop die voorwaardes uiteengesit in Deel 4 nagekom is, heraanskakel of herinstel, tensy dit nie vir die munisipale bestuurder moontlik is om so op te tree nie vanweë omstandighede buite die

beheer van die munisipaliteit. In die laasgemelde geval moet die munisipale bestuurder die burgemeester onverwyld van sodanige omstandighede verwittig asook van enige optrede vereis om die betrokke omstandighede te oorkom.

DEEL 6: ONWETTIGE HERAANSLUITINGS

Die munisipale bestuurder moet, sodra dit tot sy aandag kom dat enige gestaakte of beperkte diens onreëlmatig heraangesluit of herstel is, sodanige optrede aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens rapporteer, sodanige diens(te) ontkoppel of beperk en nie weer aansluit of herstel nie totdat die agterstallige rekening, insluitend die rente gehef op sodanige rekening, die koste van die kennisgewing uitgestuur ingevolge Deel 3 en die koste vir beide die oorspronklike en daaropvolgende heraansluitings en herstel van die diens(te) en die gewysigde deposito, ten volle betaal is. Daarbenewens moet alle gemeterde verbruik sedert die datum van die onwettige heraansluiting of herstel of die beraamde verbruik indien 'n betroubare meterlesing nie moontlik is nie ook ten volle betaal wees alvorens enige heraansluiting of herstel van die diens oorweeg word.

DEEL 7: BEPERKING VAN DIENSTE

Indien die munisipale bestuurder van mening is dat die staking van dienste, in die geval van 'n bepaalde eiendom ten opsigte waarvan die rekening agterstallig is, nie in die beste belang van die gemeenskap is nie – veral vanweë die potensiële gevaar van lewe of enige persoon, hetsy inwonend of buite die betrokke eiendom – mag die munisipale bestuurder die betrokke dienste oordeelkundig beperk eerder as om te staak.

DEEL 8: DIENSTE NIE HERAANGESLUIT OF HERSTEL NA 4 (VIER) WEKE

Indien dienste gestaak of beperk is in die geval van 'n eiendom waarvan die rekening agterstallig is, en die rekeninghouer nie sodanige verskuldigde

bedrag betaal het nie, insluitend die rente gehef op sodanige rekening, of enige aanvaarbare reëling met die munisipale bestuurder vir die betaling van die agterstallige rekening getref het nie, met insluiting van rente gehef op sodanige rekening, binne 'n tydperk van 28 (aght-en-twintig) kalenderdae na die datum van staking of beperking van die sodanige diens(te), moet die munisipale bestuurder sodanige rekening onverwyld vir invordering oorhandig, asook sodanige verdere stappe as wat nodig geag word, aan die munisipaliteit se prokureurs of enige skuldinvorderingsagentskap aangestel deur die raad. Sodanige verdere stappe, indien nodig, moet die verkoop van sodanige eiendom in eksekusie insluit om verskuldigde eiendomsbelasting en dienstegelde te herwin (indien die rekeninghouer ook die eienaar van die eiendom is).

Alle regsuitgawes aangegaan deur die munisipaliteit moet vir die rekening van die wanbetalende rekeninghouer wees.

DEEL 9: REËLINGS VIR BETALING VAN VERSKULDIGDE BEDRAE

Toestemming aan wanbetalende rekeninghouer om reëlings te tref vir die betaling van verskuldigde rekenings moet ooreenkomstig die oordeel van die munisipale bestuurder wees.

Elke wanbetalende rekeninghouer moet 'n maksimum tydperk van 3 (drie) maande toegelaat word om 'n verskuldigde rekening te vereffen, tesame met die rente gehef op sodanige rekening, en dit sal 'n voorwaarde wees van die sluiting van enige reëling dat die rekeninghouer verplig is om elke lopende munisipale rekening ten volle en betyds te vereffen gedurende die tydperk waarvoor sodanige reëling strek.

Indien 'n rekeninghouer enige wesenlike voorwaarde van 'n reëling verbreek, sal die balans van die verskuldigde rekening, tesame met die balans van rente gehef op sodanige rekening, onmiddellik verskuldig en aan die munisipaliteit betaalbaar wees, en indien die rekeninghouer oor sodanige betaling in gebreke bly, moet die munisipale bestuurder dienste aan die

betrokke eiendom beëindig of beperk en moet onverwyld sodanige rekening vir invordering oorhandig soos uiteengesit in Deel 8.

‘n Rekeninghouer wat ‘n reëling soos hierbo uiteengesit verbreek, word nie toegelaat om enige verdere reëlins vir die vereffening van verskuldigde rekeninge te tref nie, maar moet teen opgetree word, na versending van die aanvanklike kennisgewing van versuim soos uiteengesit in Deel 3 en versuim deur die rekeninghouer om die verskuldigde rekening te vereffen, tesame met rente gehef op sodanige verskuldigde bedrag soos vereis ten gevolge van sodanige kennisgewing, as sou sodanige rekeninghouer ‘n materiële voorwaarde van die reëling verbreek het.

DEEL 10: DIENSOORENKOMS

‘n Diensoorenkoms moet voortaan met die munisipaliteit aangegaan word vir elke eiendom waaraan van die munisipaliteit verwag word om alle of enige van die volgende dienste te voorsien:

- elektrisiteit
- water
- vullisversameling
- riool

Sodanige oorenkoms moet die voorwaardes waaronder dienste voorsien word uiteensit en moet vereis dat die ondertekenaar kennis neem van die inhoud van die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid, ‘n afskrif waarvan aan sodanige ondertekenaar voorsien moet word, sowel as die voorsiening van die Munisipale Stelsels Wet ten opsigte van die munisipaliteit se reg van toegang tot eiendom.

Waar die ondertekenaar nie die eienaar van die eiendom is waaraan die dienste voorsien moet word nie, moet ‘n behoorlike uitvoerende brief van

sodanige eienaar, wat aandui dat die ondertekenaar die wettige bewoner van die eiendom is, aan die diensooreenkoms geheg word.

Huidige verbruikers en gebruikers van die munisipale dienste wat nie 'n diensooreenkoms soos hierbo uiteengesit aangegaan het nie, moet dit binne 2 jaar doen vanaf die datum waarop die verordeninge om die huidige beleid in werking te stel gepubliseer is, en versuim om so te doen sal beskou word as 'n versuim gelykstaande aan wanbetaling ingevolge Deel 3 hierbo.

DEEL 11: BETALING VAN DEPOSITO

Wanneer 'n diensooreenkoms aangegaan word ingevolge Deel 10, moet die ondertekenaar 'n kontant deposito met die munisipaliteit maak, sodanige deposito wat bepaal word ooreenkomstig die bepalings soos vervat in die water- en elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge.

DEEL 12: TOEKENNING VAN GEDEELTELIKE BETALINGS EN TOEWYSING VAN DEPOSITO

Indien 'n rekeninghouer slegs 'n gedeelte betaal van enige munisipale rekening verskuldig, moet die munisipale bestuurder sodanige betaling soos volg toewys:

- eerstens, van enige onbetaalde kostes gehef deur die munisipaliteit ten opsigte van onaanvaarbare tjeks, kennisgewings, regskostes en heraansluitings of herstel van dienste ten opsigte van die rekening op betrokke eiendom;
- tweedens, aan enige onbetaalde rente gehef teen die rekening;
- derdens, aan enige onbetaalde rioolgelde;
- vierdens, aan enige onbetaalde vullisversamelingsgelde;

- vyfdens, aan enige onbetaalde eiendomsbelasting;
- sesdens, aan enige onbetaalde watergelde; en
- laastens, aan enige onbetaalde elektrisiteitsgelde.

Hierdie volgorde van toepassing moet toegepas word nieteenstaande enige opdrag tot die teendeel gegee deur die rekeninghouer.

In die geval van versuim deur 'n rekeninghouer ten opsigte van betaling van 'n agterstallige rekening, soos uiteengesit in Dele 6, 8 en 9, moet die munisipale bestuurder onverwyld soveel as wat nodig is van sodanige deposito toewys om enige koste aangeaan deur die munisipaliteit te bestry en die agterstallige bedrag verskuldig aan die munisipaliteit in dieselfde volgorde as van toepassing op die toewysing van 'n gedeeltelike betaling, soos hierbo uiteengesit.

DEEL 13: NAVRAE DEUR REKENINGHOUER

In die geval waar 'n rekeninghouer enige item of items op 'n maandelikse munisipale rekening bevraagteken, sal geen stappe teen die rekeninghouer geneem word soos uiteengesit in Deel 3 op voorwaarde dat die rekeninghouer 'n bedrag gelykstaande aan die maandelikse gemiddelde geldelike waarde van die drie onmiddellike voorafgaande onbevraagtekende rekeninge ten opsigte van die diens onder navraag teen die betaaldatum vereffen het, sowel as alle onbevraagtekende balanse op sodanige rekening en verder mits sodanige navraag deur die rekeninghouer op of voor die betaaldatum van die betrokke rekening. Enige navraag geopper deur die rekeninghouer in die omstandighede uiteengesit in Deel 14 hieronder, moet nie 'n redelike navraag vir die doeleindes van die huidige paragraaf uitmaak nie.

DEEL 14: ONVERMOË OM METERS TE LEES

Indien die munisipaliteit nie in staat is om enige meter op enige eiendom te lees nie, omdat die meter onbereikbaar gelaat is deur enige optrede of nalatigheid aan die kant van die rekeninghouer of eienaar van die betrokke eiendom, moet die munisipale bestuurder die verbruik van die diens betrokke skat deur bepaling van die maandelikse gemiddelde van die gemeterde verbruik aangeteken oor die drie pas afgelope rekeninge ten opsigte waarvan meterlesings bekom is, en daarna die rekeninghouer aanslaan vir die geldelike waarde van sodanige beraamde verbruik, plus 'n voorlopige bybetaling van 10% van sodanige waarde vir die eerste maand waarin die gemeterde lesing nie verkry kon word nie, ge-eskaleer tot 20% in die tweede maand, 30% in die derde maand, en so verder teen 10% persentasie punte vir elke daaropvolgende maand, totdat die meter weer toeganklik gemaak is. Die rekeninghouer moet verantwoordelik wees vir die aanvanklike betaling van sodanige bybetaling(s) asof die bybetaling deel van die betrokke diensgelde was, maar die munisipale bestuurder moet sodanige bybetaling(s) terugskryf teen die eerste rekening waarvoor 'n meterlesing weer bekom is.

DEEL 15: GEDISHONOREERDE EN ANDER ONAANVAARBARE TJEKS

Indien 'n rekeninghouer 'n tjek aanbied wat daarna of gedishonoreer of onaanvaarbaar gevind is deur die bank van die rekeninghouer, moet die munisipale bestuurder – bykomend tot die instelling van stappe oorweeg in hierdie beleid teen wanbetalende rekeninghouers – sodanige rekeninghouer aanslaan vir die boete/koste vir onaanvaarbare tjeks, soos bepaal deur die munisipaliteit van tyd tot tyd, en sodanige koste moet gelyk gestel word met die kostes en uitgawes deur die munisipaliteit met die oog op die bepaling van die volgorde van toewysings en toe-eienings uiteengesit in Deel 12.

DEEL 16: DELEGASIE VAN VERANTWOORDELIKHEDE DEUR MUNISIPALE BESTUURDER

Die munisipale bestuurder, met insluiting van enige persoon wat in sodanige hoedanigheid optree, moet aan die munisipaliteit verantwoordelik wees vir die uitvoering van hierdie beleid en die begeleidende verordeninge, maar mag alle of enige van die take en verantwoordelikhede vermeld in hierdie verordeninge skriftelik delegeer aan enige ander amptenaar of amptenare van die munisipaliteit, en mag van tyd tot tyd sodanige delegasie(s) skriftelik wysig of onttrek.

DEEL 17: ROL VAN MUNISIPALE BESTUURDER

Artikel 100 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) (sien Deel 24 hieronder) ken duidelik die wetlike verantwoordelikhede vir die uitvoering van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en verordeninge aan die munisipale bestuurder toe.

In die praktyk egter, sal die munisipale bestuurder onvermydelik sommige of baie van die verantwoordelikhede toegewys aan die hoof finansiële beampte en verordeninge delegeer, aangesien dit administratief onmoontlik vir die munisipale bestuurder sal wees om die veelvuldige en ander funksies uit te voer, sowel as aandag te verleen aan dikwels herhalende administratiewe verantwoordelikhede. Sodanige delegasie onthef egter nie die munisipale bestuurder van finale toerekenbaarheid in hierdie verband nie, en die munisipale bestuurder sal derhalwe moet verseker dat 'n behoorlike interne verslagdoeningstruktuur daargestel en deurlopend geïmplementeer word sodat die dag tot dag optredes en uitwerking van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsprogramme behoorlik gemonitor en gekontroleer word.

Dit is ook 'n integrerende kenmerk van die beleid dat die munisipale bestuurder maandeliks verslag moet doen aan die uitvoerende burgemeester en kwartaalliks aan die raad ten opsigte van die stappe geneem ooreenkomstig die verordeninge, en aangaande die betalingsvlakke vir die

betrokke tydperke. Sodanige verslag moet so vroeg as prakties moontlik voorsiening maak vir die vereiste inligting beide in gemiddelde en deur munisipale wyk.

Daarbenewens moet sodanige verslag enige administratiewe tekortkominge, maatreëls geneem en aanbeveel om sodanige tekortkominge aan te spreek, en enige stappe deur raadslede wat as redelik vertolk kan word as die oorsaak vir bemoeiing in die toepassing van die verordeninge.

Ondanks al die voorafgaande verwysings na die toerekenbaarheid van die munisipale bestuurder met betrekking tot hierdie verordeninge, is dit die plig van alle amptenare van die munisipaliteit, ongetwyfeld almal op bestuursvlak, sowel as ander amptenare wat regstreeks of onregstreeks betrokke is by die gemeenskap en die munisipaliteit se algemene kliëntverhoudings om beide hierdie kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en die toepassing van die gepaardgaande verordeninge te bevorder en te ondersteun. Die verantwoordelikhede van alle amptenare sluit in verslag aan die munisipale bestuurder van enige klaarblyklike verbreking van hierdie verordeninge, hetsy deur lede van die gemeenskap, ander amptenare of raadslede van die munisipaliteit.

DEEL 18: ROL VAN RAADSLEDE

Artikel 99 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) plaas die belangrike regsverantwoordelikheid op die uitvoerende burgemeester om die toepassing van die beleid en die gepaardgaande verordeninge te monitor en toesig daaroor uit te voer en om verslag te doen aan die raad oor die omvang en sukses van kredietbeheerstappe.

Die beleid maak voorsiening daarvoor dat die munisipale wykskomitees aktief betrek word by die uitvoering van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsprogramme, en behoort dus maandelikse verslae te ontvang oor die status van die munisipale bestuurder se kredietbeheerstappe. Die

wykskomitees moet ook die beleid aktief bevorder en terselfdertyd verseker dat die munisipale kliëntverhoudings van 'n standaard aanvaarbaar vir die gemeenskap is.

Ten einde die geloofwaardigheid van die munisipaliteit in die uitvoering van die huidige beleid en gepaardgaande verordeninge te verseker, is dit noodsaaklik dat raadslede deur voorbeeld lei. Derhalwe, deur die aanvaarding van hierdie beleid, waarborg raadslede nie slegs hulle algehele ondersteuning van hierdie beleid nie, maar hulle verpligting om te verseker dat hulle eie rekeninge nie in enige stadium agterstallig sal raak nie.

DEEL 19: RENTE OP AGTERSTALLIGE BEDRAE EN ANDER BOETE HEFFINGS

Rente sal gehef word op alle agterstallige rekeninge teen die heersende oortrokke rentekoers gehef deur die munisipaliteit bankiers, plus 2 (twee) persent.

Indien die munisipaliteit van meer as een bank instansie gebruik maak, sal die oortrokke koers aangebied deur die finansiële instelling waar die primêre bankrekening gehou word, toegepas word in die bepaling van die rentekoers op agterstallige rekeninge.

In die oorweging van elke jaarlikse begroting, moet die raad die voldoendeheid van sy renteheffings hersien en die volgende vir die betrokke boekjaar bepaal:

- kostes vir ontkoppeling en beperking van dienste (Deel 3)
- kostes vir heraanskakeling en herstel van dienste (Deel 4)
- kostes vir kennisgewing van versuim (Deel 3)
- boetegelde vir gedishonoreerde tjeks (Deel 15)

DEEL 20: DEERNISBESTUUR

Met betrekking tot die verwagte betalings van geregistreerde behoeftiges, en die kredietbeheer- en skuldinvorderingstappe beoog ten opsigte van sodanige inwoners, moet hierdie beleid gelees word tesame met die munisipaliteit se goedgekeurde beleid op deernishuishoudings.

DEEL 21: ONINBARE BEDRAE

Die doeltreffende uitvoering van die huidige beleid behels ook 'n realistiese hersiening van die munisipaliteit se debiteure boek by die afsluiting van elke boekjaar. Die munisipale bestuurder moet so spoedig moontlik na 30 Junie van elke jaar 'n verslag aan die raad voorlê wat die bedrag van die agterstallige gelde wat na verwagting oninbaar is, tesame met die redes vir sodanige gevolgtrekking.

Indien die raad tevrede is met die motiverings vir die afskryf van die agterstallige bedrae, moet goedkeuring verleen word om sodanige agterstallige gelde af te skryf.

DEEL 22: AGTERSTALLIGE BEDRAE WAT ONTSTAAN HET VOOR AANVAARDING VAN DIE HUIDIGE BELEID

Die raad moet agterstallige bedrae wat ontstaan het voor die aanvaarding van die huidige beleid afsonderlik oorweeg en die rekeninghouer verwittig van hulle onderskeie verpligtinge wat betrekking tot sodanige agterstallige bedrae. In die bepaling van sodanige verpligtinge, moet die raad die bedrag van sodanige agterstallige bedrag in aanmerking neem teenoor die tydperk waartydens die versuim plaasgevind het en of die betrokke rekeninghouer geregistreer het as behoeftige ingevolge die munisipaliteit se beleid op deernishuishoudings. Die raad moet verder 'n aansporingskema oorweeg wat rekeninghouders toepaslik aanmoedig om alle agterstallige bedrae of 'n bepaalde persentasie daarvan te vereffen.

DEEL 23: VERORDENINGE AANVAAR TE WORD

Verordeninge moet aanvaar word om uitvoering te gee aan die raad se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid.

Hierdie verordeninge handel afsonderlik met wanbetalers, en die toepassing daarvan vereis 'n buitengewone mate van verpligting deur die munisipale bestuurder sowel as deur die munisipaliteit se politieke stelsels. Vir hierdie verordeninge om voorkoming van finansiële druk vir die munisipaliteit te verseker, en om aanleiding te gee tot volhoubare finansiële stabiliteit, moet die toepassing daarvan voortdurende aandag deur alle sleutel rolspelers en besluitnemers geniet. Indien hierdie verordeninge nie voortdurend en konsekwent van maand tot maand en jaar tot jaar toegepas word nie, sal die munisipaliteit se politieke- en administratiewe geloofwaardigheid ernstig benadeel word.

Hoewel hierdie verordeninge selfs die einde van basiese dienste vir wanbetalende rekeninghouers in die vooruitsig stel, sal dit nie op sigself – afgesien daarvan hoe ernstig dit mag voorkom vir daardie raadslede en amptenare wat onderworpe is aan groter toegewendheid – die opeenhoping van agterstallige bedrae voorkom nie. Die maandelikse aanslag vir eiendomsbelasting, rioolgelde en heffings vir vullisverwydering sal voortgaan ten opsigte van wanbetalende rekeninghouers, selfs sou hulle verbruik van elektrisiteit en water gestaak of beperk wees. Die staking van dienste moet gesien word slegs as 'n uitsonderlike stap in die kredietbeheerprogram, en die verpligting op die munisipaliteit om sodanige optredes op te volg met die volle gesag van die Wet tot beskikking van die munisipaliteit as 'n noodsaaklike verdere stap indien die opeenhoping van skuld beduidend beperk moet word.

Dit is nie die bedoeling dat daar van rekeninghouers wat huidiglik nie deposito's betaal het nie, verwag sal word om onverwyld te betaal nie, maar slegs binne 'n tydperk van twee jaar, maar dat rekeninghouers wat te eniger datum in die toekoms versuim onmiddellik verplig moet word om behoorlike diensooreenkomste te onderteken en om die deposito's te betaal ingevolge

beide sodanige ooreenkoms en die water- en elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge.

DEEL 24: BYLAE : REGSVEREISTES

Dit is noodsaaklik vir die beskerming van die munisipaliteit se belange dat die bepalinge van veral die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) en die Wet op Provinsiale Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004), in sover as wat hulle bykomende skuldinvorderingsmeganismes vir munisipaliteite voorsien, ywerig toegepas word. Terselfdertyd, moet beide die raad en die administrasie kennis neem van die verpligtinge van die munisipaliteit teenoor die gemeenskap ten opsigte van kliëntesorg en -verhoudings.

Vir gemaklike naslaan word toepaslike uittreksels van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000), veral Artikels 95 tot 103 en Artikel 118, by hierdie beleid gevoeg sowel as Artikels 28 en 29 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004). Die onmiddellik toepaslike uittreksels van die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet Nr. 108 van 1997) en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003) word ook gevoeg by die bylae.

BYLAE**AFDELING I: WET OP WATERDIENSTE, 1997
(Wet Nr. 108 van 1997)****ARTIKEL 21: VERORDENINGE**

Die Wet vereis van 'n munisipaliteit, in sy hoedanigheid as waterdienste owerheid, om verordeninge op te stel wat voorwaardes bevat vir die voorsiening van waterdienste en wat voorsiening maak (inter-alia) vir die volgende:

- *die standaard van dienste;*
- *die tegniese voorwaardes van voorsiening, insluitend gehalte standaarde, eenhede of standaarde van inhoud, die verifikasie van meters, aanvaarbare perke van foute en metodes vir die arbitrasie van dispute met betrekking tot die bepaling van waterdienste voorsien;*
- *die bepaling van strukture van tariewe;*
- *die bepaling en invordering van gelde verskuldig vir die waterdienste verbruik;*
- *die omstandighede waaronder waterdienste beperk of gestaak mag word en die prosedure vir sodanige beperking of staking; en*
- *die voorkoming van onwettige aansluitings aan waterdienstewerke en die onwettige en verkwistende gebruik van water.*

**AFDELING II: DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE
STELSELS, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000)****ARTIKEL 95: KLIËNTESORG EN -BESTUUR**

'n Munisipaliteit moet, in verhouding tot die heffing van eiendomsbelasting en ander belasting, en die heffing van kostes van munisipale dienste, binne sy finansiële en administratiewe vermoë, die volgende doen:

- *‘n gesonde kliëntebestuurstelsel instel wat ten doel het om ‘n positiewe en wederkerige verhouding te skep tussen belastingbetalers en verbruikers verantwoordelik vir hierdie betalings en die munisipaliteit self;*
- *meganismes instel vir verbruikers van dienste en belastingbetalers om terugvoering te gee aan die munisipaliteit met betrekking tot die gehalte van die dienste en die prestasie van die diensvoorsiener;*
- *redelike stappe neem om te verseker dat verbruikers van dienste ingelig is van die koste betrokke by diensvoorsiening, die redes vir die betaling van dienstegelde, en die wyse waarvolgens gelde bekom uit dienste gebruik word;*
- *waar die verbruik van dienste gemeet is, neem redelike stappe om te verseker dat die verbruik deur individuele verbruikers van dienste gemeet is deur akkurate en bevestigbare meterdienste;*
- *verseker dat belastingbetalers en verbruikers verantwoordelik vir betaling gereelde en akkurate rekeninge ontvang wat die grondslag vir berekening van verskuldigde bedrae aandui;*
- *toeganklike meganismes voorsien vir daardie belastingbetalers en verbruikers om oor rekeninge en gemeterde verbruik navraag te doen of te verifieer sowel as appélprosedures wat sodanige belastingbetalers en verbruikers toelaat om onmiddellike regstelling van foutiewe rekeninge te ontvang;*
- *toeganklike meganismes te voorsien vir hantering van besware van sodanige belastingbetalers en verbruikers, tesame met spoedige antwoorde en korrektiewe stappe deur die munisipaliteit;*
- *meganismes voorsien om die tyd vir reaksie en doeltreffendheid in voldoening van die bogemelde vereistes te monitor; en*
- *toeganklike betaalpunte en ander meganismes te voorsien vir vereffening van rekeninge of vir die maak van vooruitbetalings vir dienste.*

**ARTIKEL 96: SKULDINVORDERINGSVERANTWOORDELIKHEID
VAN MUNISIPALITEITE**

'n Munisipaliteit moet alle gelde verskuldig en betaalbaar aan die munisipaliteit invorder ingevolge vereistes van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) en enige ander toepaslike wetgewing. Vir hierdie doel moet die munisipaliteit 'n kredietbeleid en skuldinvorderingsbeleid saamstel wat in ooreenstemming is met sy belasting- en tariefbeleide en wat voldoen aan die bepalings van die huidige Wet.

ARTIKEL 97: INHOUD VAN BELEID

Die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid moet voorsiening maak vir al die volgende:

- *kredietbeheerprosedures en meganismes;*
- *skuldinvorderingsprosedures en meganismes;*
- *voorsiening vir deernis debiteure op 'n wyse in ooreenstemming met sy belasting- en tariefbeleide en enige nasionale beleid op behoeftiges;*
- *realistiese mikpunte in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenpligtige praktyke en insamelingsratio's, en die ramings van inkomste gestel in die begroting min 'n aanvaarbare voorsiening vir slegte skulde;*
- *rente op agterstallige bedrae (waar toepaslik);*
- *verlengings van tyd vir vereffening van rekeninge;*
- *staking van dienste of beperking van die voorsiening van dienste wanneer betalings agterstallig is;*
- *aangeleenthede met betrekking tot onwettige verbruik van dienste, diefstal en beskadiging; en*
- *enige ander aangeleenthede wat voorgeskryf mag word deur regulasie ingevolge die huidige Wet.*

Die munisipaliteit, binne sy gesag na goeddunke, mag onderskei in sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid tussen verskillende kategorieë van belastingbetalers, verbruikers van dienste, debiteure, belastings, diens standaarde en ander aangeleenthede en, indien wel, moet verseker dat sodanige onderskeiding nie onredelike diskriminasie tot gevolg het nie.

ARTIKEL 98: VERORDENINGE OM UITWERKING AAN BELEID TE VERLEEN

Die raad van die munisipaliteit moet verordeninge aanneem om uitvoering te gee aan die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid, die toepassing en handhawing daarvan. Sodanige verordeninge mag onderskei tussen verskillende kategorieë van belastingbetalers, gebruikers van dienste, debiteure, belastings, dienste, diensstandaarde en ander aangeleenthede, en, indien wel, moet verseker dat sodanige onderskeid nie onredelike diskriminasie tot gevolg het nie.

ARTIKEL 99: TOESIGHOUDENDE GESAG

Die munisipale uitvoerende burgemeester of die raad of die munisipaliteit self, of 'n komitee deur die raad aangestel as die toesighoudende gesag, moet die volgende in geheel doen:

- *besig hou, en monitor, die uitvoering en toepassing van die munisipale kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en enige verordeninge bepaal ingevolge die voorafgaande vereistes, en die prestasie van die munisipale bestuurder in die toepassing van die beleid en verordeninge;*
- *waar nodig, beleide en verordeninge evalueer en hersien, asook die uitvoering van sodanige beleid en verordeninge, ten einde die doeltreffendheid van sy kredietbeheer en skuldinvordering meganisme-prosesse en prosedures te verbeter; en*

- *met sodanige tussenposes as wat die raad mag bepaal, aan 'n vergadering van die raad verslag doen, behalwe wanneer die raad self die pligte van die toesighoudende owerheid uitvoer.*

ARTIKEL 100: IMPLEMENTERINGSGESAG

Die munisipale bestuurder moet:

- *die munisipale kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleide en verordeninge implementeer en toepas ingevolge die voorafgaande vereistes;*
- *ooreenkomstig die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en enige verordeninge, doeltreffende administrasie meganismes, prosesse en prosedure daarstel om gelde verskuldig en betaalbaar aan die munisipaliteit in te vorder; en*
- *met sodanige tussenposes as wat bepaal mag word deur die raad, die voorgeskrewe besonderhede rapporteer aan 'n vergadering van die toesighoudende owerheid waarna vroeër verwys is.*

ARTIKEL 101: MUNISIPALITEIT SE REG VAN TOEGANG TOT EIENDOM

Die bewoner van eiendom in 'n munisipaliteit moet 'n gemagtigde verteenwoordiger van die munisipaliteit of van 'n diensvoorsiener toegang tot die eiendom toelaat gedurende alle redelike tye ten einde enige meter of diensaansluiting vir retikulasie te lees, inspekteer, installeer of herstel, of om die voorsiening van enige diens te ontkoppel, te staak of te beperk.

ARTIKEL 102: REKENINGE

Behalwe in die geval van 'n dispuut tussen die munisipaliteit en die persoon van wie die munisipaliteit 'n bepaalde bedrag geëis het, mag 'n munisipaliteit:

- enige aparte rekening van sodanige persoon konsolideer;
- 'n betaling deur sodanige persoon teen enige rekening van daardie persoon krediteer; en
- enige van die skuldinvordering- en kredietbeheermaatreëls implementeer waarvoor voorsiening in die huidige Wet gemaak is met betrekking tot enige agterstallige bedrag op enige van die rekeninge van sodanige persoon.

ARTIKEL 103: OOREENKOMSTE MET WERKNEMERS

'n Munisipaliteit mag, binne sy oordeelkundige gesag, maar met die toestemming van enige persoon verantwoordelik teenoor die munisipaliteit vir betaling van eiendomsbelasting of ander belasting of heffings vir munisipale dienste, 'n ooreenkoms aangaan met die werknemer van sodanige persoon om van die salarisse of lone van sodanige persoon enige uitstaande bedrae verskuldig deur sodanige persoon aan die munisipaliteit verhaal of sodanige gereelde maandelikse bedrae soos wat ooreengekom mag word.

Die munisipaliteit mag verder, binne sy oordeelkundige gesag, spesiale aansporing vir werknemers voorsien om sodanige ooreenkomste aan te gaan en vir werknemers om toestemming tot sodanige ooreenkomste te verleen.

ARTIKEL 118: BEPERKING OP OORDRAG VAN EIENDOM

Die registrateur van aktes of enige ander registrasiebeampte van onroerende eiendom mag nie die oordrag van enige eiendom registreer nie behalwe met die voorsiening van 'n voorgeskrewe sertifikaat aan sodanige registrasiebeampte uitgereik deur die munisipaliteit waarin sodanige eiendom geleë is en wat bevestiging bevat dat alle bedrae verskuldig ten opsigte van sodanige eiendom vir munisipale dienstegelde, bybetalings op fooie, eiendomsbelasting en ander munisipale belastings, heffings en dienste ten volle betaal is gedurende die twee jaar wat sodanige datum van aansoek vir die sertifikaat voorafgegaan het.

'n Munisipaliteit mag, sover as wat prakties moontlik is, alle bedrae aan die munisipaliteit verskuldig verhaal vir munisipale diensgelde, bybetalings op fooie, eiendomsbelasting en ander munisipale belasting, heffings en dienste, eerder as enige verbande wat teen die eiendom, wat teen die eiendom wat oorgedra moet word, geregistreer is.

GEDRAGSKODE VIR MUNISIPALE AMPTENARE

Paragraaf 10 van die gedragskode bepaal dat indien 'n lid van die personeel van 'n munisipaliteit agterstallig is teenoor die munisipaliteit vir belasting en dienste vir 'n tydperk van langer as 3 (drie) maande, mag die munisipaliteit enige uitstaande bedrae van die salaris van sodanige amptenaar na hierdie tydperk verhaal.

GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE

Artikel 6A van hierdie kode vereis dat raadslede alle belasting, tariewe, huurgelde en ander gelde wat die munisipaliteit toekom, stiptelik en ywerig betaal.

Daar word verder van die munisipale bestuurder verwag om die Speaker van die raad en die LUR vir Plaaslike Regering skriftelik te verwittig wanneer 'n raadslid agterstallig is met enige van hierdie betalings vir 'n tydperk wat 30 dae oorskry.

AFDELING III: WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (Wet Nr. 56 van 2003)

ARTIKEL 64: INKOMSTEBESTUUR

Die rekenpligtige beampte van die munisipaliteit is verantwoordelik vir die bestuur van die munisipale inkomstes, en moet vir hierdie doel alle redelike stappe neem om te verseker dat:

- *die munisipaliteit oor doeltreffende inkomste-insamelingstelsels in ooreenstemming met Artikel 95 van die Wet op Plaaslike Bestuur: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet Nr. 32 van 2000) beskik, asook die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid;*
- *inkomste verskuldig aan die munisipaliteit op 'n maandelikse grondslag bereken word;*
- *dat rekeninge vir munisipale belastings en gelde vir munisipale dienste op 'n maandelikse grondslag saamgestel word, of minder gereeld soos wat voorgeskryf mag word waar maandelikse rekeninge onekonomies is;*
- *alle gelde ontvang stiptelik gedeponeer word in die munisipaliteit se primêre of ander bankrekeninge ooreenkomstig die vereistes van die huidige Wet;*
- *die munisipaliteit oor 'n bestuur-, rekenkundige- en inligtingstelsel beskik en in stand hou;*
- *die munisipaliteit oor 'n stelsel van interne beheer beskik en in stand hou, met betrekking tot debiteure en inkomste soos voorgeskryf mag word;*
- *die munisipaliteit rente hef op agterstallige gelde, behalwe waar die raad vrystellings toegestaan het ooreenkomstig sy begrotingsverwante beleide en binne die voorgeskrewe raamwerk; en*
- *alle inkomstes ontvang deur die munisipaliteit, met inbegrip van inkomstes ontvang deur enige insamelingsagent namens die munisipaliteit, versoenbaar is ten minste op 'n weeklikse grondslag.*

Die rekenpligtige beampte moet die nasionale tesourie onmiddellik verwittig van enige betalings verskuldig deur 'n staatsorgaan aan die munisipaliteit ten opsigte van munisipale belastings of vir munisipale dienste, indien sodanige betalings gereeld vir tydperke van meer as 30 (dertig) dae agterstallig is.

NOTA: ARTIKEL 164: VERBODE AKTIWITEITE

Artikel 164(i)(c) lys as verbode aktiwiteite die toestaan van lenings deur 'n munisipaliteit aan raadslede of amptenare van 'n munisipaliteit, direkteure of amptenare of enige munisipale entiteit, en lede van die publiek. Dit is aanvaar vir doeleindes van die kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid dat toestemming aan enige party om agterstallige belasting en munisipale dienstegelde by wyse van gereelde paaieimente nie gelyk is aan die vergunning van 'n lening ooreenkomstig Artikel 164 nie.

AFDELING IV: WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING, 2004 (Wet Nr. 6 van 2004)**ARTIKEL 28: INVORDERING VAN AGTERSTALLIGE BELASTING VAN HUURDERS EN BEWONERS**

Indien die belastings verskuldig deur 'n eienaar van 'n eiendom teen die sperdatum onbetaald is, mag die munisipaliteit sodanige belasting verhaal, of in geheel of gedeeltelik, van enige huurder of bewoner van die betrokke eiendom.

Ewenwel, die agent moet eers skriftelike kennis gegee word van die voorneme, en die bedrag wat die munisipaliteit mag verhaal is beperk tot die bedrag van enige huurgeld en ander gelde ontvang deur die agent namens die eienaar van sodanige eiendom, min enige kommissie verskuldig aan die agent.